
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za

'n LEERLING IS NIE BO SY MEESTER NIE; MAAR ELKEEN WAT VOLLEERD IS, SAL SOOS SY MEESTER WEES. (Luk. 6:40).

Hierdie is vir my 'n heerlike belofte wat nie eers my deel sal wees in die hemele nie, maar dit kom in vervulling vir Christus se volgelinge HIER EN NOU! Dit geld vir ELKEEN WAT DIT SAL GLO: Dit geld vir JOU! Jy kan die siekes genees! Jy kan wonderwerke sien! Jy kan die gawe van die Gees in werking stel (1 Kor. 12:8-11)! JY KAN DIESELFDE WERKE DOEN AS WAT HY GEDOEN HET! God het gesê jy kan, en Hy KAN NIE LIEG NIE!

Jy moet natuurlik die voorwaardes vervul wat God stel. Want God sê in Hosea 4:6: **"My volk gaan te gronde weens 'n gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp."**

God het ons Sy Woord die Bybel gegee, en die inhoud daarvan is die kennis van Sy wil wat God aan ons gegee het om soos die Meester te kan wees. As ons al die kennis gretig aanvaar en daarvolgens handel kan ons soos die Meester wees.


Is dit nie waar van baie kerke nie bv. die gawes van die Heilige Gees word verwerp, tale, wonderwerke, genesings, profesie ens. word verwerp en selfs aan die duiwel toegeskryf.

God sê verder in Deut. 28:1-2: **As jy dan goed luister na die stem van die Here jou God, om sorgvuldig te hou al Sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die Here jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die Here jou God.**

Is die gawe van genesings dan nie 'n seëning nie? Ek glo dat ons volleerd kan wees volgens God se definisie deurdat ons gehoorsaam Sy opdragte en bevele sal ken en doen.

Num. 23:19: **God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?**

Psalm 89:35: **Ek sal My verbond nie ontheilig nie,**



WEES soos die MEESTER

"God het ons Sy Woord die Bybel gegee, en die inhoud daarvan is die kennis wat God aan ons gegee het om soos die Meester te kan wees. As ons al die kennis gretig aanvaar en daarvolgens handel kan ons soos die Meester wees."

en wat oor My lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie. Lees weer Lukas 6:40. Die Engelse vertaling lui. **The disciple is not above his master, but every one that is PERFECT, shall be as his master:** As ek perfek/volleerd kan wees, KAN EK SOOS MY MEESTER WEES! Nou sal jy dalk sê: Dit is onmoontlik, want ons Meester, Jesus Christus was God sowel as mens, en ons is net mens. Kyk weer na die skrif. Heb. 2:16,17: **Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom. Daarom moes Hy IN ALLE OPSIGTE aan Sy broeders gelyk word**. Filip 2:7 en 8... **maar het Homself ontledig deur die GESTALTE VAN 'n DENSKNEG aan te neem en aan DIE MENS GELYK GEWORD, en IN GEDAANTE**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Wees soos die Meester.....)

GEVIND AS 'n MENS, het Hy Homself verneder. 1 Tim. 2:5: **DIE MENS Christus Jesus.**

Een aand toe Jesus en Sy dissipels in 'n klein bootjie was, het daar 'n groot storm op die see gekom, sodat die dissipels gevrees het vir hulle lewens. Jesus het die wind en die see bestraf, en daar was onmiddellik 'n groot kalmte. Die manne wat saam met Hom in die boot was, was verbaas, en het gesê: **wat vir 'n MENS is Hy**? (Matt. 8:27)

Hierdie vraag is steeds die uitroep van baie mense vandag as hulle sommige van Sy dissipels sien, wat in die geloof Sy beloftes toe-eien, en sodoende die siekes genees, die dooies opwek en die Woord verkondig (soos Jesus self hulle beveel het - Markus 16:17 en 18) met die bonatuurlike bevestiging van tekens wat volg. Baie mense dink dat hierdie 'n snaakse soort spesie of vreemde soort mense is. Hulle is nie. Hulle is alledaagse, gewone mense, gevul met God se Heilige Gees en oorgegee aan God se werk - mense wat ontdek het dat HULLE SOOS HULLE MEESTER kan wees, en het hulle lewens daaraan gewy om hierdie doel te bereik.

Toe die inwoners van Listra sien dat Paulus se bevel genesing aan 'n verlamde man kan besorg wat vanaf sy geboorte verlam is, het hulle gesê: **"Die gode het soos mense geword en neergedaal na ons toe."**

Aan die einde van Sy aardse bediening van die genesing van die siekes en die doen van wonderwerke, toe Hy gereed was om geoffer te word as 'n offer vir ons sondes, siektes en krankhede (Jes. 53:4,5; Matt. 8:17; 1 Pet. 2:24) het Hy gebid: **"Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. En nou, Vader, verheerlik My by Uself MET DIE HEERLIKHEID wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was."** (Johannes 17:4,5)

Die heerlikheid wat Hy gehad het voor die wêreld was! Die heerlikheid wat tot vandag toe Syne is!

Die heerlikheid wat EENKANT GEPLAAS is toe Hy die menslike vlees aangeneem het. Toe Hy gekom het as 'n hulpelose baba, gebore uit 'n maagdelike vrou, besny soos enige ander Joodse seuntjie, toenemend in wysheid en grootte tydens Sy kinderdae (Lukas 2:52) huilend, honger, dors, moeg, slapend en wakker - Hy het deel gehad in elke swakheid en beperking van menslike vlees en bloed.

Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy DIT OOK OP DIESELFDE MANIER DEELAGTIG GEWORD. Heb. 2:14. Hy was IN ALLE OPSIGTE versoek net soos ons, maar sonder sonde. Heb. 4:15.

Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding

> **"Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. En nou, Vader, verheerlik My by Uself MET DIE HEERLIKHEID wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was."** (Johannes 17:4,5)

Aangesien hulle ongeleerde heidene was het hulle natuurlik nie sulke krag in 'n mens geken nie. Maar dit skyn dat baie Christen-mense net so onbewus is van die krag wat God beskikbaar gestel het aan Sy kinders. En toe hierdie arme heiden mense offerhande wou bring aan Paulus en Barnabas, menende dat hulle gode was, wou hulle dit nie toelaat nie, en het gesê: **"Ons is net sulke mense soos julle en ons verkondig die evangelie dat julle jul moet bekeer tot die lewende God."** (Hand. 14:8-15)

Jesus was waarlik God en waarlik mens. Jesus was ook, volgens Sy eie verklaring, 'n lid van die enige Drie Enige God, saamgestel uit die Vader, die Seun (Jesus Christus) en die Heilige Gees. Hy het bestaan voordat die wêreld gemaak is, en het deel gehad aan die skepping. (Joh. 1:1-3). Hy was nie net MET God en SOOS God nie: Hy WAS GOD! Al die hoedanighede van goddelikheid was in Hom. Saam met die Vader was Hy almagtig, alwetend, alomteenwoordig en ewig. En net so is Hy vandag, waar Hy verheerlik is aan God se regterhand.

Hy het self gesê, **as julle My gesien het, het julle die Vader gesien. Ek en die Vader is een. Nou dat julle My gesien het ken julle die Vader.**

Jesus was die wil of Woord van God in aksie. Joh. 1:1: **In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was God. Vers 14 En die Woord het vlees geword en het onder ons kom woon en ons het Sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos die van die Eniggeborene wat van die Vader kom vol van genade en waarheid.**

Jesus se hele bediening is beskryf in Hand. 10:38, ook so die bediening van Satan - **"met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.**

ontstaan wat ontstaan het nie. Joh. 1:2-3. Afgesien van dit alles, het Jesus GEEN KRAG GEBRUIK toe Hy op die aarde in die vlees was, WAT NIE VANDAG BESKIKBAAR is vir elke gelowige nie! Hierdie stelling sou godslastering wees AS JESUS SELF dit nie keer op keer verduidelik het dat dit Sy plan was nie.

Elkeen wat volleerd is, SAL SOOS SY MEESTER WEES (Lukas 6:40).

Soos U My gestuur het in die wêreld, HET EK OOK HULLE IN DIE WêRELD GESTUUR. (Joh. 17:18). **Die werke wat Ek doen SAL HY OOK DOEN**. Joh. 14:12.

Alhoewel Hy die Almagtige God was, het Hy tog in Sy aardse lewe en bediening gesê: **Die Seun kan niks, uit Homself doen nie. Ek kan uit Myself niks doen nie. (**Joh. 5:19) en, **die Woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek NIE UIT MYSELF NIE, maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.** (oh.14:10). Die antwoord op die dissipels se vraag, **"wat vir 'n MENS is Hy?** word nie gevind in die goddelike magte wat Hy gebruik het voordat Hy vlees geword het en onder ons kom woon nie, of in die goddelike mag wat vandag Syne is in die hemele nie. Die antwoord kan slegs gevind word in Sy aardse (menslike) lewe. Hy het daardie lewe geleef as 'n VOORBEELD vir hulle wat Hy in die wêreld gelos het om die werk te voltooi wat Hy begin het toe Hy hier was. **Christus het 'n VOORBEELD nagelaat, sodat JULLE Sy voetstappe kan navolg.** (1 Pet. 2:21) **"Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee, om net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen."** (1 Joh. 13:15). Hy was ons Meester en ons Sy dissipels (elkeen wat volleerd is in die ware gebooie en insettinge, van die Woord en hulle doen, SAL SOOS SY MEESTER WEES (Ek doen net wat My Vader beveel)! As Hy krag gebruik het wat nie tot ons beskikking was nie, sou dit vir ons onmoontlik wees om Sy voorbeeld te volg. Maar Hy het aan ons die belofte

(Vervolg op Bl. 4)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Weereens so baie dankie vir die nuusbriewe wat ons gratis ontvang. Die lering daarin is so kosbaar want as mens die woord ken is dit die wonderlikste weerklank en vreugde wat mens ervaar, sekerlik omdat dit die Waarheid is!! Ek ontvang die nuusbrief sedert die begin jare en kan my nie indink hoe my lewe daarsonder sou gewees het nie! Ek dank ons Hemelse Vader vir die kosbare gawe om so Sy Woord nog beter ingeskerp te kry!

Mev J Norje, Kareedouw

Ek het vanoggend weer saam met julle stil geword in gebed, om ons Vader in die Hemel te dank vir my oë wat soveel beter is. Ek het so 'n rukkie gelede gebel dat U vir my oë sal bid, die dubbele sig het so verbeter ek kan die brief skryf. Donnè, my agter kleinkind wat so verlam geraak het, is volkome gesond!! Al die eer aan ons Almagtige Geneesheer!!

Mev R Pretorius, Florida

Graag wil ek vandag vir julle baie dankie sê vir al die gebede wat julle vir my pa gedoen het. Ek wil vir julle vertel watter ongelooflike genesing hy ontvang het en dat ons God daaroor loof en prys, want Hy het verandering in my pa se lewe gebring en ons Glo dat God my pa genees het en dat hy nog steeds genesing sal ontvang. September 2007 het die dokters vir hom gesê dat hulle medies gesproke geen medikasie meer vir hom kan gee, wat sal help nie. My pa het beenmurg kanker en was op daardie STADIUM BAIE SIEK. Ek het 'n gebedsversoek aan julle gerig en van daar af het my pa net beter en beter geword. In Desember 2007 het hy baie gesukkel met sy prostaat en moes toe in Februarie 2008 'n prostaat operasie ondergaan. As gevolg van die beenmurgkanker was my pa weer baie siek en het baie bloed verloor, wat geheel en al baie sleg is vir hom. Na 4 weke moes by terug gaan dokter toe en weer 'n kateter inkry vir nog 'n verdere twee weke, dan sal die dokters kan sien of hulle iets omtrent die ergerlike bloeding kan doen. Elke druppel bloed wat my pa verloor is skade wat aangerig word, wat baie lank vat om te genees, maar ons het nie opgehou om te bid nie.

Vanoggend het ek my ma gekontak om te hoor hoe dit met my pa gaan, en soos ons mense mos maar is, was ek baie bang dit gaan slegter, maar ek kon my oë nie glo toe ek die sms sien waarin my ma my laat weet om te sê dat die kateter na 2 dae verwyder is en dat daar geen bloed is nie. Daarom wil ek getuig dat ek weet my pa sal nog beter en beter word, en dat sy genesing van God kom. Ons aanbid 'n lewende God en wonderwerke gebeur nog elke dag! Baie dankie en groete in Jesus Christus.

Mev R Esterhuizen, Upington

Baie dankie vir al julle gebede. Julle het vir my seun gebid vir hoofpyne. Dit gaan baie goed met hom, en hy het al die pynpille gelos. My klein seun Jaco het ook werk gekry, en ons kan net God loof en prys. Dankie.

Mev E Mostert, Langenhovenpark

Ek wil u die wonderlikste nuus meedeel. Ek het al die afgelope 20 jaar probleme met my ore. So 'n maand gelede het ek watteplusies in my ore gesit. Die een oor het begin jeuk, toe druk ek per ongeluk die watte tot diep in my oor. Die volgende dag is ek dokter toe vir hulp. Nadat hy die pluisie uitgespuit het, sê hy aan my dat my ore in ellendige toestand is, en dat hy my spesialis toe wil stuur, dat dit moontlik 'n operasie as gevolg sou hê. Ek vra hom toe om eers te wag vir 'n week, totdat ek die medikasie gebruik het. Die aand het ek baie ernstig tot my Meester gebid, en gesê ek sien nie kans vir 'n operasie nie, Hy is tog ons groot Geneesheer. Die volgende week is ek terug, die dokter wou weer sien wat die uitslag is. Hy sê toe dit is glad nie meer nodig om spesialis toe te gaan nie. En, ek kan weer hoor ook. Was baie doof. Prys Sy wonderlike Naam!! Hy bly getrou, al is ons soms so ontrou. Baie dankie Dr James, Meg en almal by die sentrum vir julle volgehoue gebede. Mag ons Hemelse Vader u almal ryklik seën. Alles wat mooi is vir u almal. Baie liefde.

Mev M van Niekerk, Bronkhorstspruit

Baie dankie vir u brief van 18ste Maart. Ek glo nou as u sê nog voordat ons die Heer gevra het, het Hy my al genees. Dis wat blykbaar werklik gebeur het. Nog voordat u die brief aan my gestuur het, het die bloeding in my stoelgang opgehou. Dit na 2 jaar. Die Groot Geneesheer Jesus en u het die eintlike genesing gedoen. Hy dien nie halwe werk nie. Ek was ook op die punt om kruie medisyne van die strand ten waarde van R610 te bestel. Gelukkig kon ek nou ook vir hulle skryf ek het dit nie meer nodig nie. Baie dankie Dr James en span. Mag Hy u versterk en dubbel seën. Baie waardering en liefde.

Groete.

Mev L Vermaak, Kestel

Ek het in Oktober 2007 aan u 'n faks gestuur vir gebede vir 'n klier wat verwyder moes word. Die uitslag was toe nie kanker nie. Prys die Here!!

Ald Koen, Pretoria

Vandag wil ek met 'n dankbare hart die Here eer en Loof en baie dankie sê vir almal se saambid. My

(Vervolg op Bl. 4)

seun Frans vir wie ons so gebid het vir werk, het 'n wonderlike pos gekry op Hoedspruit, as 'n pakhuis bestuurder. God is groot, ek eer Hom daarvoor. Baie dankie dat ons weet julle is daar om ons in gebed te steun. Baie dankie.

Mev M Roelofse, Lydenburg

Baie dankie dat u en u span ons deur die jare gehelp het op ons geestelike pad. Dit het vir my en my gesin oneindig baie beteken. Jaco het sy werk behou en in ere herstel. Rita het ook tydelik werk gekry by 'n bewaar skool. Ons sê net baie dankie aan ons Vader wat ons met al die seëninge reeds in Jesus geseën het. Sy grootheid liefde en omgee genade kan niemand beskryf nie. Baie dankie.

Anon

Wees gegroet in Jesus Naam. Dr James ons het vir u 'n brief deur gefaks en gevra dat u saam met ons bid, vir my dogter Sonja, wat 'n goeie pos gekry het by die bank. Die Here het voorsien en daarna het ons gevra vir haar vir 'n woon plek. Sy het 'n klein maar netjies gerieflike woonstel gekry vyf minute van haar werk af. Die eienaar was so behulpsaam, dit was nie nodig vir 'n sleutel deposito nie. Prys die Here, hy is so wonderbaar. Ek self het ook aan u geskryf vir gebed. My skildklier sou 75% verwyder word. Deur Jesus se wonde is ek genees. Hy het al my krankhede op hom geneem, en al my siektes gedra aan die kruis op Golgota. Hy het gesê: "Dit is volbring." Ek het my hospitaal bed gekanselleer, ek is genees. Dankie, dankie Here ek GLO! Ons het ook gevra vir gebed saam met ons vir finansies. Dr James die Here se seëninge reën op ons neer. Ons Prys en Dank en Eer en Loof hom. Ons dien 'n Lewende God. Ons het hom so lief en sing lofliedere elke dag. Dankie vir u boekie "Oorwinnaars Taal." Ons is Oorwinnaars, Ons is Helde. Ons bid vir u en almal by die Sentrum. Groete en Liefde

Die Harmse Gesin,
Welverdiend

Ek wil net uit die diepte van my hart sê baie, baie dankie vir u gebede vir my bloed. My vel het opgeklaar! My voorkop wat 'n plaat van witkoppies was, is skoon. My hele gesig lyk pragtig teenoor wat dit was. So ook my arms, bors en rug is al baie beter. Al die lof, eer, aanbidding, krag, rykdom, waardigheid, is net U s'n ons Koning, Rots, Verlosser, Geneesheer, Skuilplek! Nogmaals dankie vir u en u span. Ek weet dit is OPOFFERING om elke dag vir siek en verlore mense te bid. Mag God u ryklik seën in alles.

Mev L Du Toit,
Welkom

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Wees soos die Meester)

gegee dat ons DIESELFDE KRAG sal ontvang, en vanuit DIESELFDE BRON as wat Hy ontvang het! .

En kyk, Ek stuur die belofte van My Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met KRAG UIT DIE HOOGTE. (Luk. 24: 9) **Maar julle sal KRAG ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom.** (Hand 1:8) **En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, op siektes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.** (Markus 16:17 en 18) **Kyk, Ek gee julle die MAG - oor al die krag van die vyand**. (Luk. 10:19).

Wie in My glo, DIE WERKE WAT EK DOEN, SAL Hy OOK DOEN. (Joh. 14:12)

Alhoewel Hy ryk was (in hemelse heerlikheid en goddelike mag) **terwille van julle het Hy arm geword, SODAT JULLE DEUR SY ARMOEDE RYK KAN WORD**. (Kor. 8:9)

Hy het dit alles eenkant toe geskuif soos 'n mantel, en Sy groot rykdom opsy geskuif, en hierdie wêreld binne gekom as 'n baba, in die beeld van 'n dienskneg, sonder reputasie, en onder (die mense gewoon as een

"Christus het 'n VOORBEELD nagelaat, sodat JULLE Sy voetstappe kan navolg. (1 Pet. 2:21)
"Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee, om net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen."
(1 Joh. 13:15)

van hulle. (Filip 2:7). Tradisionele geskrifte soos die Apokriewe Boeke beskryf wonderwerke in Sy kinderdae, maar die Woord van God sê bale duidelik dat: **Hierdie EERSTE EEN van Sy tekens het Jesus te Kane in Galilea gedoen**. (Joh. 2:11) (Daar het Hy water in wyn verander.) HY HET GEEN WONDERWERKE GEDOEN of enige bo-menslike kragte geopenbaar, VOORDAT DIE HEILIGE GEES OP HOM GEKOM HET NIE! (Matt. 3:16 en 17 en Johannes 1:33). **Dit was toe "God, Jesus van Nasaret gesalf het met DIE HEILIGE GEES EN MET KRAG, dat Hy die land deurgegaan het, goed gedoen het en almal genees het wat onder die mag van die duiwel was, OMDAT GOD MET HOM WAS".** (Hand. 10:38). Hierdie was die geheim van Sy sukses AS 'n MAN, 'n MENS. **Wat vir 'n mens is Hy?** 'n Mens GESALF MET DIE HEILIGE GEES EN MET KRAG.

En God was met HOM! Onthou al die tyd, 'n man wat ELKE DUIM 'n MENS was. 'n Mens wat ELKE VERSOEKING bekend aan die mens kon hanteer. 'n Man wat (alhoewel Hy God was en daarom alomteenwoordig), net op een plek op 'n slag was. Alhoewel Hy, as God, nooit gesluimer of geslaap het nie (Psalm 121:4), as 'n mens was Hy moeg (Joh. 4:6) en moet Hy slaap (Matt. 8:24). Hy moes te voet gaan van plek tot plek, warm, moeg, stowwerig -Sy spoed beperk tot stap, Sy voete wat die onaangetaste goue strate van die hemel bewandel het, was nou besoedel en gekneus deur die stof en klippe van die ruwe en vuil

(Vervolg op Bl. 6)

JESUS and the WORD

Jesus' understanding of the Word of God was much different from that of many people today. Jesus was a strong believer in the Word. He took the Word very seriously and very literally. His disciples too looked upon the Word in the same manner.

In John's gospel Jesus is presented as the Living Word: ***"In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God …. And the Word became flesh and dwelt among us …"*** (John 1:1, 14). Therefore Jesus was, and is, the Living Psalms, the Living Prophets, and the Living Torah.


Had Jesus depreciated the Word of God in the least, He would have depreciated Himself. There is a oneness between Jesus as the Living Word, and the written Word which we hold in our hands. To follow that Word is to follow Him; to desire it is to desire Him.

Jesus viewed every Word from God's mouth as necessary food for mankind. He quoted Scripture in saying: ***"It is written, Man shall not live by bread alone, but by every word that proceeds from the mouth of God"*** (Matthew 4;4), quoting Deuteronomy 8:3: ***"…. That he might make you know that man shall not live by bread alone; but man lives by every word that proceeds from the mouth of the LORD."***

Thus Jesus looked upon every word in the Bible as important. When the Sadducees, ***"who say there is not resurrection"*** (Mark 12:18) questioned Him about the resurrection, He said: ***"Have you not read in the book of Moses, in the burning bush passage, how God spoke to him, saying, I am the God of Abraham, the God of Isaac, and the God of Jacob? He is not the God of the dead, but the God of the living. You are therefore greatly mistaken"*** (12:26, 27).

The Lord hung the doctrine of the resurrection on the word 'am', which His Biblically literate listeners would also accept as a valid interpretation. The Sadducees were stunned and defeated by the weight of Jesus' argument.

Jesus also based the doctrine of the resurrection on the fact that as ***"Jonah was three days and three nights in the belly of the great fish, so will the Son of Man be three days and three nights in the heart of the earth"*** (Matthew 12:40). Thus if the book of Jonah were a myth, the same would naturally apply to His resurrection!



> "There is a oneness between Jesus as the Living Word, and the written Word which we hold in our hands. To follow that Word is to follow Him; to desire it is to desire Him."

Jesus quoted too from the book of the prophet Daniel – a book whose authenticity many 'scholars' have debated – regarding the coming Great Tribulation and Antichrist: ***"Therefore when you see the abomination of desolation, spoken of by Daniel the prophet, standing in the holy place …. Then let those who are in Judea flee to the mountains …. For then there will be great tribulation, such as has not been since the beginning of the world until this time …."*** (Matthew 24:15, 16, 21).

This event has had a partial fulfilment during the fall of Jerusalem in 70AD when, based on His warning: ***"When you see Jerusalem surrounded by armies…"*** (Luke 21:20) His followers fled the city and so were spared the ensuing disaster. The final fulfilment of course speaks of the Great Tribulation of the end days, and for these critical end-time teachings Jesus cited Daniel as a valid source.

The early disciples and apostles continued with Jesus' concept of the certainty of God's Word. Paul says in his Second Letter to Timothy: ***"All Scripture is given by inspiration of God, and is profitable for doctrine, for reproof, for correction, for instruction in righteousness…"*** (3:16).

Peter in his Second Letter speaks of Paul's letters themselves as carrying the weight of Scripture (3:14-16), and in his First Letter he quotes the prophet Isaiah that ***"the word of the LORD endures forever"*** (1:25), and presents the ideas and philosophies of men as but grass when compared with the Word of God: ***"All flesh is as grass, and all the glory of man as the flower of grass. The grass withers, and the flower falls away, but the word of the LORD endures forever."***

In the last book of the New Testament John has a severe warning for those who lightly esteem the Word of God: ***"For I testify to everyone who hears the words of the prophecy of this book: If anyone adds to these things, God will***

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Jesus came to do the….)

add to him the plagues that are written in this book."

"And if anyone takes away from the words of the book of this prophecy, God shall take away His part from the book of life, from the holy city, and from the things that are written in this book" (Revelation 22:18,19).

The Word of God is the only foundation for reconstruction in our present era. God wants to write His Word on our hearts, impress it upon our minds, teach it to our children, talk of it ***"when you sit in your house, when you walk by the way, when you lie down, and when you rise up"*** (Deuteronomy 6:7)

Today lives are falling apart, families are falling apart, and nations are falling apart, because the Word of God has been spurned, depreciated and cast away by our so-called enlightened society. God's Word says that He will restore all things; He will restore Israel, and is actually doing so in these days, as we heed His prophetic Word, and as we return to view the whole Word as sacred and God-breathed.

Today lives are falling apart, families are falling apart, and nations are falling apart, because the Word of God has been spurned, depreciated and cast away by our so-called enlightened society. God's Word says that He will restore all things; He will restore Israel, and is actually doing so in these days, as we heed His prophetic Word, and as we return to view the whole Word as sacred and God-breathed.

In Isaiah 62:2 the Lord says: ***"But on this one will I look: on him who is poor and of a contrite spirit, and who trembles at my word."*** May we be found among the tremblers. May we feast always on the Word of God, and regard it more than our necessary food. "The David Press" □

(Vervolg vanaf Bl. 4 - Wees soos die Meester ...)

Oosterse strate en paaie van Palestina. Hoe het Hy nie ook die reinigende koelheid van (die gewoonte van voete was voor ete verwelkom nie, wanneer 'n onselfsugtige persoon daaraan gedink het om Hom op hierdie wyse te bedien! Hy het honger en dors gely; eensaamheid, uitgeputheid en pyn geken. Hy, van wie daar gesê is**: "Want al die wilde diere van die bos is Myne die vee op berge by duisende. Die wêreld is Myne en sy volheid"** (Psalm 50:10-12), **het as MENS niks vir Homself opgeëis nie, maar het self armer geword as die jakkalse en voëls, want Hy het nie eers plek gehad om Sy hoof neer te lê nie**. (Luk 9:58)

Al hierdie dinge het Hy GEWILLIGLIK vir ons gedoen, sodat ons mag deel in die rykdom van Sy heerlikheid. Toe Satan Hom in die woestyn versoek het (Matt. 4:3 -4) was die eerste versoeking dat Hy moes optree in die skeppende krag van die EWIGE SEUN VAN GOD, sodat Sy menslike honger mag gestil word. As Hy dit gedoen het sou Hy nie daarin geslaag het om op elke gebied soos die mens te wees nie. Dit was vir Satan belangrik dat Jesus juis hier sou misluk. Maar Jesus het nie voor hierdie versoeking geswig nie. Hy antwoord ferm as 'n MAN! **"Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie maar van elke Woord wat uit die mond van God voortkom."** (Matt. 4:4) Hy het graag na Homself verwys as die SEUN VAN DIE MENS.

Aangesien dit duidelik uit die Skrif blyk dat Jesus ons natuur en beperkings op Hom geneem het, sodat Hy vir ons 'n behoorlike voorbeeld sou wees, is dit uiters paslik dat ons daardie voorbeeld versigtig sal bestudeer en die volgende vraag ernstig oorweeg: **"Hoedanig MOET JULLE NIE WEES in heilige wandel en godsvrug?"** (2 Pet. 3:11). Hy was 'n man van krag. Hy het gepraat soos een met gesag (Markus 1:22). Die mense was hieroor uiters verbaas, want die godsdienstige leiers van Sy dae het niks van hierdie krag geweet nie, en teologiese verduidelikings verkondig. Jesus het dwarsoor al die lyne, getrek deur hulle fyn leerstellings, gesny en het DEUR SY WOORDE VAN GESAG duiwels, siekte en swakhede verdryf.

Wanneer Hy gespreek het, HET DINGE GEBEUR! Hy het gepraat soos een met gesag WANT HY HET GESAG GEHAD! die tradisionele godsdienstige leiers het nie gepraat soos Hy gepraat het nie, omdat hulle nooit die gesag ontvang het oor die mag van die vyand nie. Hoeveel "godsdienstige" leiers van vandag praat nie soos skrifgeleerdes en Farisees nie! Hulle wat soos HULLE MEESTER IS, praat met gesag - die gesag wat aan Christus behoort het toe Hy op aarde was, want Hy het dit van die Vader ontvang (Joh. 5:27) Hy het gekom in die Vader se Naam (Joh. 5:43), en as Sy wettige VERTEENWOORDIGER om Sy Vader se werke te doen .... **Ek moet die werke doen van Horn wat My gestuur het.** (Joh. 9:4). Toe Hy op die aarde was het Hy dissipels gekies, (eers twaalf, Lukas 9:1 toe sewentig ander, Luk. 10:1,19) wat Hy as "afgevaardigdes" aangestel het , en hulle dieselfde reg en mag gegee het as wat Hy gebruik het. (**Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons IN U NAAM.)** Luk. 10:17.

Sodoende is hulle opgelei onder Sy direkte toesig om gereed te wees om voort te dra "**alles, wat Jesus BEGIN doen en leer het"** (Hand. 1:1), wanneer die tyd sou kom vir Hom om terug te keer na Sy Vader.

En noudat Hy terug is by die Vader, en verheerlik is aan die Regterhand van God, het Hy nie beplan dat die werk wat Hy hier begin het met soveel lyding en opoffering, moet dood loop nie. Voordat Hy weggegaan het, het Hy die mag en gesag nagelaat vir die voortgang van Sy werk. Hulle wat in Hom glo word Sy verteenwoordigers, en word beveel om IN SY NAAM (deur Sy gesag en opdrag), al die dinge te doen wat Hy Self sou doen as Hy teenwoordig was in die vlees! **IN MY NAAM sal hulle duiwels uitdryf, hulle sal met nuwe tale spreek; slange sal hulle op neem** (nie om God te versoek nie, maar as dit per ongeluk gebeur het – Hand. 28:3-5) **en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie**; (slange, gif en skerpioene weerspieël die werke van Satan); **op siekes, sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.** Mark. 16:17-18. **En wat hulle ook IN MY NAAM, mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun**

(vervolg op Bl. 8)



uit **Dr James** se kantoor

Liewe Vriende,

Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons dat ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. Hebr. 12:1-2.

Ons ontvang soveel briewe en oproepe van getroue kinders van die Here wat vra vir gebed in die moeilike omstandighede waarin hulle hulself bevind. Sommige voel asof die Here nie hulle gebede verhoor nie en hulle raak moedeloos en wil tou opgooi. Party kyk na die lewens van ander om hulle en wonder hoekom God hulle seën. Die Here se Woord bly egter waar en onveranderd tot in ewigheid en Hy sal Sy beloftes gestand doen. Kom ons kyk wat ons uit hierdie gedeelte van die skrif kan leer. Die skrywer van die Hebreër-brief, wie ek glo Paulus is, bemoedig ons eerstens om nie OM te kyk nie. As ons hoofstuk 11 van Hebreërs bestudeer sien ons hy hou die voorbeeld van die geloofshelde van die Bybel vir ons voor. Hy gaan terug na die begin van die Bybel en verwys na Henog, Moses, Jakob, Josef en Sara; almal manne en vroue van God wat met Hom gewandel het. Dis HULLE wat die Here vir ons as voorbeeld van lewenswandel en gehoorsaamheid voorhou, nie ons vriende en tydgenote nie. Hierdie geloofshelde is die GROOT WOLK VAN GETUIES wat ons omring en God sê juis daarom moet ons ons ou weë aflê, ons sonde verlaat en AAN-GAAN.

Tweedens sien ons dat ons die wedloop met VOLHARDING (Engels: Patience) moet hardloop: Hebr. 11:27 sê dat Moses VOLGEHOU het soos een wat die Onsienlike sien. Hy het nie die reis deur en in die woestyn geniet nie, maar hy het VOLGEHOU want sy oë was op die Onsienlike, die Here God. Geliefde, moenie RONDKYK NIE! Gaan met VOLHARDING voort waartoe God jou geroep het, met jou oë op Jesus Christus terwyl jy voortdurend Sy duur OFFER in gedagte hou. Jesus het die Kruis verdra, die skande verag vir die vreugde wat Hom voorgehou is. Jesus het die Kruis nie nodig gehad nie – HY was sondeloos! Maar Hy het na die Kruis gegaan sodat JY en EK gered en genees kon word – daarin was Sy vreugde! Sy vreugde was dat Hy God se Wil kon uitvoer om die mens vry te koop, daarom het Hy die Kruis verdra, en die skande daarvan verag. Halleluja!

Derdens sien ons die Bybel sê: **Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie (Hebr. 12:3)** As jy dink jou lewe is darem moeilik en dat jou las darem net te swaar is om te dra, GEE AG OP HOM. Anders sal jy MOEDELOOS word en verslap.

GEE AG OP JESUS – want Hy het alles verdra, end uit!

In Jesus se bediening op aarde sien ons duidelik hoeveel TEëSPRAAK Hy moes verdra. Toe Hy by die Jordaanrivier opgedaag het om gedoop te word, om sodoende alle geregtigheid te volbring, toe is die vurige Johannes die Doper daar en hy wou dit nie toelaat nie. Hy sê: **Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe? (Matt. 3:14)**

Daar staan ook in dieselfde vers: **Maar Johannes het Hom ernstig TEëGEGAAN.**

Toe doop Johannes Hom en die hemele open en God praat, en so word alle geregtigheid vervul. Jesus Christus was GEHOORSAAM, maar Hy moes VOLHARD teen die TEëSPRAAK wat Hom probeer keer het. Sò het dit aangehou. Teëspraak wou Hom selfs keer van die Kruis af sodat die mens nie die Ewige Lewe sou beërwe nie! Teëspraak sal net oor jou pad kom om jou te laat wegdraai van die pad af waarop God jou voete geplaas het. Moet dus nie dink dis ongewoon as God se hand swaar op jou rus nie **(Let op Heb. 12:5-11)** Onthou net, God se tugtiging is NIE SIEKTE NIE – die siekte is van die duiwel! **(John. 10:10)** God tugtig d.m.v. Sy Woord..

Kom ons GEE AG OP JESUS CHRISTUS en die GROOT WOLK VAN GETUIES rondom ons. Laat ons die wedloop voltooi met ons oë gerig op Jesus!

Baie, baie dankie vir julle getroue ondersteuning en aanmoediging, ons het julle gebede baie nodig. Wees verseker van ons gebede vir julle in hierdie dae van volharding.

Baie Liefde Groete

Dr James

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD
FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

***

(Vervolg vanaf Bl 6 - Wees soos die Meester.)
verheerlik kan word. (Joh. 14:13). Ek het julle mag gegee om op skerpioene en slange te trap en al die mag van die bose. (Luk. 10:19)

Die gawes wat Hy aan die kerk gegee het vir die vervolmaking van die heiliges, vir die bediening, vir die stigting (opbouing) van die liggaam van Christus (Sy kerk) Ef. 4:8-12, dek al die groot en magtige dinge wat Jesus gedoen het toe Hy hier in die vlees was. (1 Kor. 12:7-11) Nooit het Hy geleer, direk of indirek, dat hierdie mag van die wêreld sal verdwyn as Hy dit verlaat nie. Inteendeel, in Sy laaste opdrag aan hulle wat Hy agtergelaat het, het Hy gesê: **"Alle mag is aan My gegee in die hemel sowel as op die aarde. GAAN DAN HEEN** (omdat hierdie mag SYNE WAS, en deur Hom ONS s'n (Luk. 49, Handelinge 1:8) **maak dissipels van AL DIE NASIES ... en leer hulle om ALLES** (die siektes, te genes, die melaatses te reinig, dooies op te wek, duiwels uit te dryf, vryelik het julle ontvang, gee vryelik. Matt. 10:8), **TE ONDERHOU** (gehoorsaam) **wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen** (Matt. 28:18-20). Hierdie dissipels, gesalf met die Heilige Gees (Hand. 2:4) **"het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het SAAMGEWERK en die woord bevestig deur die tekens wat DAAROP GEVOLG HET**" (Markus 16:20).

Solank as Sy heden dag dissipels vervul is met die Heilige Gees, en God is met hulle, soos dit met Jesus die geval was (Hand. 10:38) en ook met die vroeë dissipels (Mark. 16:20) en soos Jesus gesê het dit sou wees **"tot aan die voleindiging van die wêreld"** (Matt. 28:20) sal die werke wat Jesus gedoen het voortgaan, en gedoen word!

Die dissipel/leerling sal NIE bo sy Meester wees nie, maar hy sal SOOS SY MEESTER wees! Jesus het selfs verder gegaan en die Trooster in Sy plek gestuur met gawes vir die Kerk nl. gawe van wonderwerke, genesings ens. en om ons te leer en onderrig, alles wat Jesus beveel het. Maar as ons soos Hy wil wees in KRAG, moet ons ook soos Hy wees in heiligheid, in toewyding, in sagmoedigheid, in meegevoel en vervoeging. Ons moet soos Hy wees in gebed en in omgang met die Vader. Ons moet soos Hy wees in geloof, Hy het Sy Vader in alle opsigte en omstandighede volkome vertrou. Ons moet soos Hy wee! in vas en selfverloëning. As dit vir die leerling moontlik was om soos Hy te wees in krag sonder om dieselfde prys te betaal, sou die leerling bo sy Meester wees. Jesus het vir Paulus gesê: Vir My naam sal jy ly". (vervolging)

Daar is altyd 'n prys om te betaal vir alles wat God die mens aanbied. In 'n sekere opsig is alles gratis, maar daar is 'n prys van vervolging, gehoorsaamheid en voorbereidheid. Selfs redding ontvang ons verniet maar slegs as ons aan God se waarskuwing gehoor gee, nl. om ons van die sonde te keer en te glo in die Here Jesus Christus. Die "gawe van die Heilige Gees" is ons s'n slegs as ons aan Hom gehoorsaam is. (Hand. 5:32) God se krag, SOOS JESUS GEHAD HET, is vir hulle - ALMAL van hulle - wat aan die voorwaardes voldoen **"elkeen wat VOLLEERD (perfek) is, sal soos sy meester wees."** (Luk. 6:40). □